


## Keurspel

### Uitgawe 100: November 2022

Die idee was nog nooit om hierdie briewe te skryf met die doel om nuus te deel nie. Ons word voortdurend gebombardeer met gebeure en daaglikse nuus-opdaterings. Per definisie wil ons nie ou nuus deel nie. In plaas daarvan wil ons graag insigte uitlig, of vrae vra wat nadenke of perspektief oor relevante finansiële sake mag uitlok. Die materiaal en menings daar buite is verbysterend. Ons wil graag glo dat ons na daardie tydlose waarhede soek (as daar so iets is) wat ons met ons finansiële mylpale en doelwitte kan help. In die woorde van Charlie Munger: *"If it is trite, it is right"*. Ons herinner mekaar gereeld daaraan dat die ware waarde van ons beplannings-proses lê in die voortdurende gesprekke en hersiening.

Niemand sal verskil met die stelling dat ons in buitengewone tye leef nie. Hierdie jaar, saam met 1931 en 1969, was die enigste jare waar effekte sowel as aandele negatiewe opbrengste opgelewer het (met verwysing na die grafiek hieronder). Hierdie twee bateklasse beweeg gewoonlik in die teenoorgestelde rigting gedurende periodes van resessie. Daar was letterlik nêrens om weg te kruip nie. Selfs Goud was laer oor die afgelope 6 maande, terwyl dit tipies gesien word as 'n veilige hawe vir jou rykdom en 'n beskerming teen ernstige onsekerheid. Die bekende Jack Bogle het gesê: *"Tyd is jou vriend en impulsiwiteit jou vyand."* Spaar en hou aan belê, bly by die plan en ignoreer enige geraas.

Verdraagsaamheids-vlakke tussen verskillende groepe en gemeenskappe is wêreldwyd op kommerwekkend lae vlakke. Brexit, Donald Trump se presidentskap, die BLM en ander liberale bewegings met die COVID-pandemie het hierdie neiging versterk. Mense is kwaad, eiesinnig, verdeeld en polities gepolariseer – nie net in Suid-Afrika nie. Dit is duidelik dat die wêreld soos "ons" (die sogenaamde westerlinge) dit dalk ken, besig is om te verander. Na wat, mag ons dalk wil vra? Ons weet nie hoe hierdie nuwe toekoms kan lyk nie, maar moontlik gaan ons 'n de-globalisering ervaar waar groepe lande en opponerende ekonomiese moondhede as sodanig na vore kom. In hierdie nuwe wêreldorde met 'n potensiële "Chinussia", sal die oorheersing van die Amerikaanse dollars en Amerikaanse kapitaal beslis uitgedaag word.



### Slegte tye saai onvermydelik beter tye

Wanneer dit goed gaan, vergeet ons dikwels dat die wêreld waarin ons leef, aanhou verander. Dit is

vloeibaar. Hoe sal dit lyk as dit nie meer so goed gaan nie? Gevolglik is die meeste van ons uiteindelik bekommerd oor die potensiële toekomstige uitkomst. Ironies genoeg, materialiseer die toekoms selde soos ons sien. Ek wonder soms wat ons van iemand, wat kort ná die Tweede Wêreldoorlog geleef het, sou hoor. Wat dink jy sal hulle met ons deel? Wat het hulle gevoel of gedink oor die toekoms?

Dit is nooit so erg as wat 'n mens wil glo dit is nie en ook nie so goed as wat 'n mens sou dink nie. As 'n planeet en spesie sal ons altyd beweeg tussen goeie, nie sulke goeie tye nie en slegte tye. Gelukkig is die wêreld nooit in 'n statiese toestand nie. Die wiel draai en tye verander. So ook die seisoene en weerpatrie!

Nooit moet ons die mensdom se inherente innovering en dryfkrag om te verander, vernuwe en aan te pas, onderskat nie. In die verlede is pessimisme dikwels verkeerd bewys deur nuwe geleenthede en opkomende en alternatiewe tegnologieë. Ons moet nooit ons vermoë om onself weer te herontdek, miskyk nie.

Goeie beplanning is in wese om risiko's in ag te neem wat verband hou met iets katastrofies (nie noodwendig met 'n sekere uitkomst nie) of iets met 'n wesenlike impak op ons welstand, fisies of finansiële gesproke – natuurlik alles onvoorsiene omstandighede. Ons moet die bekende sowel as die potensiële onbekendes evalueer en daarvolgens probeer beplan. Ongelukkig is dit makliker gesê as gedaan.

### Die kwesbaarheid van voorspellings

Nils Bohr, 'n Fisika Nobelpryswenner het blykbaar eenkeer gesê: *"Voorspelling is baie moeilik, veral as dit oor die toekoms gaan."* Neem die weerman se voorspellings die afgelope winter. Baie van dit was verkeerd. Professionele ekonome vra immers nie 'n fooi vir nederigheid nie. "Ek weet nie" is die drie mees ongebruikte woorde in ons finansiële bedryf. Ons werk met die toekoms, maar ironies genoeg is mense oënskynlik so oortuig van wat hulle sê.

'n Geldige vraag op die oomblik kan wees: "Is dit 'n goeie tyd om te belê?" Of, miskien gegewe alles wat in die wêreld aangaan, "Is dit nou 'n goeie tyd om te verkoop en vir die berge te hardloop nie?" Dikwels is 'n reaksie iets soos: "Ek dink ek gaan net wag totdat alles beter lyk." Ons kan die sentiment en emosionele reaksie heeltemal verstaan aangesien die beleggings-wêreld vol slaggate is en soveel onsekerheid behels – die heeltyd.

Om 'n antwoord te probeer vind op "wanneer is die regte tyd" is die ekwivalent van om kaarte te probeer lees vir wat die toekoms mag inhou. Dit is eenvoudig onweetbaar (my nuutskepping). Maar miskien as jy die standpunt inneem wat soveel groot geeste reeds uitgewys het, dat die beurs of aandelemarkt 'n plek van absolute waansin is, kan dit jou besluitneming vereenvoudig.

### Kersgroete

Soos altyd wil ons almal 'n geseënde Kersfees en 'n vreugdevolle tyd saam met familie en vriende toewens. Dit is 'n goeie tyd van die jaar om ons lewensdoelwitte te heroorweeg en te reflekteer.

Weereens dankie aan al ons kliënte vir u ondersteuning. Ons erken die vertroue wat u in ons familie-onderneming plaas en waardeur die verhoudinge oor baie jare.